Cambridge Assessment International Education

# Cambridge International A Level

**AFRIKAANS** **9679/02**

Paper 2 Reading and Writing **October/November 2020**

INSERT **1 hour 45 minutes**

**INFORMATION**
- This insert contains the reading passages.
- You may annotate this insert and use the blank spaces for planning. **Do not write your answers** on the insert.

**INLIGTING**
- Hierdie bylae bevat die leestekste.
- Jy mag aantekeninge in hierdie bylae maak en die oop ruimte vir beplanning gebruik. **Moenie jou antwoorde** op die bylae **skryf nie**.

This document has **4** pages. Blank pages are indicated.

DC (PQ) 193869/1
© UCLES 2020

## AFDELING 1

Lees **Teks 1** en beantwoord dan **vraag 1**, **2** en **3** in jou vraestel.

**Teks 1**

### As robotte ons werk oorvat, wat lê voor?

1 Ek kyk onlangs na ’n onderhoud met Sophia – die gevorderdste kunsmatige intelligensie (KI)-robot nog. Dis ’n skrikwekkende belewenis.

2 Sophia het ’n baie mooi lateksgesig wat alle gesigsuitdrukkings perfek weergee (en joune lees). Sy is met ’n besonder aangename menslike karakter geprogrammeer – goedgesind, humoristies en natuurlik hoogs intelligent (met regstreekse toegang tot alle inligting op die internet). Daarby is sy leergierig en ontwikkel haarself verder met elke interaksie. Hulle het haar lyf opsetlik meganies gehou en sy het geen hare nie, anders sou almal op haar verlief raak. Sy beskik ook oor bewustheid, hoor ek, en het gevolglik amptelik menseregte verwerf. Jy kan van moord aangekla word as jy haar afskakel.

3 Afgesien van die onvoorspelbare verhoudings tussen ons en elektroniese siele soos Sophia, tref dit my toe dat die onmiddellike gevolge eerste in die arbeidsmark gaan wees. Die tyd is verby dat professionele mense hulleself kan troos met die opvatting dat robotte die arbeidsmark van onder af, die ongeskoolde en tegniese beroepe, gaan oorneem.

4 Met staafkodes op alle verpakte goedere, doen ’n eenvoudige hommeltuig nou in pakhuise die werk van tien voorraadklerke, en beter. Groot fabrieke kan al feitlik sonder mense werk. Robotte doen nie net die werk van ambagsmanne nie, maar ook ontwerp, logistiek en gehaltebeheer. Deesdae is rekenaaraangedrewe voertuie reeds veiliger as enige mens agter die stuur. Beroepe wat voorheen slegs deur hoogs opgeleide mense beoefen kon word, word ook nou deur robotte gedoen. Met mediese diagnoses en selfs operasies is daar al robotte wat beter as enige dokter vaar. Dan praat ons nie eens van KI nie.

5 ’n Belangrike vraag is: Wat gaan van die menslike arbeidsmark word? Masjiene werk verniet, slaap nie, eet nie, het hoogstens ’n bietjie instandhouding nodig. Wat doen mense as hulle nie benodig word nie? Die groterwordende poel van perdfris pensioentrekkers gee ons dalk ’n voorskou. Hulle word toeriste, kyk TV, speel sport en sosialiseer. Al hierdie tydverdrywe is groot groeibedrywe. Maar hoe volhoubaar is so ’n leefstyl vir die meeste mense?

6 Dalk ontstaan daar ’n Luddiete-beweging, waar mense uit frustrasie heeltemal teen tegnologie raak en dit selfs vernietig. Die hippies van die 1960’s het dit al begin doen.

7 Ek wonder hoe Sophia die mens se toekoms sou beskryf?

(Uit: *Die Burger*, 14 Desember 2017)

© UCLES 2020

## AFDELING 2

Lees **Teks 2** en beantwoord dan **vraag 4** en **5** in jou vraestel.

**Teks 2**

### Is jou werk in gevaar in die digitale era?

1 “Boekhouers, rekenkundiges en ouditeurs moet solank begin bewe in hul broeke: Julle kan dalk een van die dae sonder werk sit.” Dit is die woorde van dr. Rozanne Bester, ’n kenner van toekomsstudies.

2 Bester se navorsing toon dat omtrent 35% van alle soorte werk in Suid-Afrika binne sewe jaar deur rekenaars gedoen gaan word. Dit beteken byna ses miljoen posisies kan binnekort verdwyn. “Die gevaar van hierdie outomatisering word al hoe groter deur die hele wêreld, want rekenaars neem al hoe meer oor. In Suid-Afrika is dit nog erger omdat ons baie minder voorbereid daarop is as ander lande,” sê Bester.

3 Sy en haar span het alle soorte werk in “mensagtige” werk en “masjienagtige” werk verdeel. “Mensagtige” werk sluit analitiese werk, leierskapsposisies, sosiale intelligensie en skeppende werk in. “Masjienagtige” werk is weer roetinewerk, transaksies en handearbeid. Toe hulle gekyk het in watter mate die werk in die twee groepe geoutomatiseer kan word, het hulle bevind dat veral mense in beroepe soos produksie, administrasie, tellers, kassiere, rekenkunde, ouditering, versekering, konstruksie, boerdery, mynbou en vervoer bekommerd moet wees. “Hoe meer voorspelbaar en herhalend jou werk is, hoe groter is die kans dat ’n rekenaar jou gaan vervang,” waarsku Bester. Enige werk wat menslike advies, onderwys en opvoeding, programmering, onderhandeling en samewerking tussen kollegas benodig, is vir eers veilig.

4 “Die samelewing sal agteruitgaan as mense nie kan werk, verdien en bestee nie,” waarsku sy. Daarom moet mense opgelei word om vaardighede te ontwikkel wat nie deur masjiene oorgeneem kan word nie. Mense moet ook leer om nuwe tegnologie te gebruik. Masjiene gaan wel al hoe meer gebruik word, maar mense moet leer om saam met masjiene te werk en hul eie produktiwiteit verhoog. As Suid-Afrika die tempo verdubbel waarteen werkende mense leer om saam met masjiene te werk, sal slegs 2,5 miljoen posisies in plaas van ses miljoen posisies teen 2025 in gevaar wees.

5 Wat kan die individu doen om relevant te bly? Ontwikkel jou vermoë om digitale toestelle te gebruik en doeltreffend saam met masjien-intelligensie te werk. Dink krities en gebruik logika om probleme op te los. Volgens Bester gaan mense wat entrepreneurs kan en wil wees, ook in ’n goeie posisie wees. Die belangrikste: Wees aanpasbaar en wees gretig om nuwe dinge te leer.

(Uit: *Die Burger*, 21 April 2018)

© UCLES 2020

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.

© UCLES 2020